Gehoorsaamheid teenoor offergawes

Teks: Hosea 6: 1 - 11 & Sondag 34
Teksvers: Hosea 6: 6

1. Inleiding

Vanoggend in hierdie eerste leerdiens van 2021 begin ons met die afdeling oor die Wet van die Here. Vandag voel baie Nuwe Testamentiese gelowiges dat die wet nie meer ’n plek in vandag se lewe het nie. Die wet van die Here of soos ons dit ken, en ook sien in Sondag 34 opgesom word in die tien gebooie, is iets wat mense maklik koppel aan die Ou Testament. Daar word maklik gedink dat omdat die wet vervul is deur ons Verlosser Jesus Christus dat ons nie meer daaraan hoef aandag te gee nie.

Maar uiteindelik is dit juis ons teksvers Hosea 6:6 wat Jesus self aanhaal in Mattues 12, soos ons ook in die eerstediens behandel het. Want liefde en toewyding, weeg baie swaarder as brandoffers en offerhande by die Here. En miskien is dit juis ons probleem as moderne mense. Ons is al so ekonomies ingestel dat ons soms dink dat selfs geloofsprobleme kan opgelos word teen die regte prys. ’n Pad wat die antieke kerk juis voor die reformasie ingeslaan het.

Maar terug by die vraag watter plek die wet van die Here vandag inneem in die Nuwe Testamentiese gelowige se lewe. Ons kan net kyk waar in die kategismus hierdie weergee van die wet voorkom. Dit is natuurlik net na die gedeelte van goeie dade. Goeie dade wat ons reeds bespreek as deel van die dankbaarheidslewe van die gelowige. Ons weet dat hierdie die tweede weergee van die wet van die Here is. Die eerste weergawe was juis in die sondebesef gedeelte van die kategismus. Maar wat sê die profeet Hosea oor wetsonderhouding.

2. Liefde as die groot gebod

Wanneer ons na die wet kyk kan dit opgesom word in liefde. Op die oog af lyk ’n wet altyd nie iets moeilik. Dit is op ’n manier ook geopenbaar in ons teksgedeelte. Ons teksgedeelte is ’n gedeelte uit die profesie van Hosea wat handel oor die teleurgesteld van die Here teenoor die volk.

En miskien is dit juis dit wat ons negatief maak teenoor die wet. Die boosheid in die mens veroorsaak natuurlik dat die wet moeilik is om te onderhou. Dit is ook presies wat gebeur het in ons teksgedeelte. Die volk Israel kon nie verbond met die Here onderhou nie. Hulle het voortdurend gesondig en veral afgode aangehang. Dit is juis hierdie afgode rondom hulle waar die offer praktyk so sterk geleef het.

Vandag ook nog in baie vals gelowe, is offers die manier tot geluk. Soos in antieke tye moet afgode gepaai word deur offers. Maar offer in ander vals gelowe openbaar dikwels maar net die selfsugtige aard van die afgod. En die manipulering van gode openbaar dikwels maar net die mens se selfsugtige begeertes vir voorspoed en geluk.

Maar met die gebooie van die Here is dit anders. Die liefde wat God tot Hom en naaste eis is voordelig vir die wêreld. Want wanneer die eer van die Here en die voordeel van ons naaste altyd voorop gestel word, is dit beter vir die hele samelewing. Liefde as die groot gebod het die vermoë om die wêreld werklik ’n beter plek te maak. Want natuurlik weet ons skepper en die skepper van die heelal presies wat die mens werklik nodig het.

3. Kennis van God

Oor die volgende kenmerk van die wet dink ons nie baie na nie. Ons sien die wet as goed en regverdig. En ons weet dat die

Here die bron van alle goed en regverdigheid is. Verder openbaar die Here homself aan ons in die Woord. Maar veral wanneer ons by die tien gebooie kom, word eienskappe van die Here aan ons geopenbaar. Dieselfde wet wat ons nie kan nakom nie, openbaar vir ons die standaard van die Here.

En die Here stel natuurlik nie ’n standaard in, wat Hy self nie sal kan nakom nie. Inteendeel die Here is ver verhewe bo die wet. Daarom is dit vir ons belangrik om ook gereeld stil te word voor die wet van die Here. Want op hierdie manier leer ons ook meer van die Here.

Wanneer ons dan ook na ons teksvers kyk is dit die Here se opdrag aan ons. Want kennis van God is vir hom ’n groter offer as brandoffers. Dit is veral hier waar ons as moderne mens skuldig staan, want ons bestudeer nie altyd met oorgawe die woord van die Here nie. Die moderne gelowige voel dikwels skaam oor sy eie gebrekkige bybelkennis. Tog wend ons selde formele aktiewe planne aan om dit te verbeter.

Laastens weet ons dat hierdie kennis nie net kennis moet bly nie. Daar word gereken dat kennis wysheid word wanneer dit aangewend word om iets te doen. In die 1 Petrus 1:16 is die opdrag duidelik: “[16]Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.”

Dus word kennis van die Here wysheid wanneer ons ook beweeg word om heilig te lewe omdat die Here Heilig is. Maar dit is net uit die kennis van die Here dat ons weet wat werklik heilig is.

4. Volmaakte gehoorsaamheid as offer

Tog luister ons nie gereeld na die wet van die Here om maar net ons eie sondes te leer ken nie. Ons luister juis na die wet van die Here om die genade van die Here te leer ken. Want ons weet wat Jesus self oor die wet gesê het in Matteus 5:17 “[17]“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.”

Ons weet dat dit uiteindelik gebeur wanneer die Here in ons plek gaan sterf vir ons sondes aan die kruis. Dit is hier gehoorsaamheid prakties die perfekte offer word. Want ons weet dat Christus heeltemal sonder sonde is. Hy lewe dus die volmaakte gehoorsaamheids lewe. En dan gee Hy Sy liggaam as offer, om met Sy perfekte lewe te betaal vir ons sonde.

Tog weet ons dit is nie waar alles eindig nie. Want selfs ons Ou Testamentiese teksgedeelte vandag kan die opgewondenheid oor die Verlossing nie wegsteek nie. Im vers 2 lees ons dat daar op die laaste dag opgestaan sal word. Ons weet vandag dat hierdie profesie vervul is in die opstanding van ons Here Jesus Christus op die derde dag.

Maar ons weet ook uiteindelik dat ons ook eendag saam met Christus uit die dood sal opstaan, want die volmaakte offer van gehoorsaamheid is reeds in ons plek betaal. Waarlik gehoorsaamheid is beter as offerhande.

5. Slot

Ons kan laastens afsluit deur na die plek van die tien gebooie in die liturgie van die erediens te kyk. By ’n gereformeerde erediens, is daar ’n bepaalde plek vir die 10 gebooie. Dit bring ’n mens eers voor die sondebesef, dat ek as sondige mens tot die ewige hel verdoem is. Dat daar vir my werklik geen hoop uit die sondedood uit was waarin ek vasgevang was nie. Maar dat ek juis op hierdie hopelose punt van my lewe uitgekies is, deur die Here Jesus Christus. Uitgekies is om verlos te word.

Maar dan het ons ook gesien dat die wet die ander plek het. Alhoewel redding op grond van volkome wetsonderhouding, ’n afgehandelde saak is, is

wetsonderhouding as gevolg van ’n dankbaarheid nog ver van afgehandel. Ons leef nog daagliks ons dankbaarheidslewe in die goeie dade van wetsonderhouding.

En dit bring ons terug by ons teksvers vandag. Die Here verwag eerder liefde as offergawe en eerder toewyding as brandoffers. Dit is nogsteeds waar vandag. Geloof moet ook ’n hartsaak wees. Die Here moet aanbid en gedien word met ons hele harte. Dit is nie maar bloot ’n slegte besigheidstransaksie waaruit ek myself kan koop nie. En dit is ook nie ’n lysie rituele wat afgehandel moet word nie. Dit is ’n verhouding wat in my hart moet leef. ’n Verhouding wat die onderhouding van die wet natuurlik laat voortvloei.

Amen